CORTEVA™ agriscience

# AUBAINE™ 518 SC

## HERBICIDE

**REG. NO. L11069 ACT/WET NO. 36/1947**

**A suspension concentrate herbicide for the residual pre-plant, pre-emergence or early post-emergence control of weeds in wheat in the winter rainfall region.**

**'n Suspensiekonsentraat onkruiddoder vir die residuele voor-plant, voor-opkoms of vroeg na-opkoms beheer van onkruide in koring in die winterreënvalgebied.**

**HERBICIDE GROUP CODES** **$C_2$ & L** **ONKRUIDDODERGROEPKODES**

**ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE**

Chlorotoluron (Urea)..... 500 g/L .....Chlorotoluron (Ureum)

Isoxaben (Benzamide) .....18.75 g/L ..... Isoksaben (Bensamied)

**NET MASS ..... L ..... NETTO MASSA**


**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER**
DOW AGROSCIENCES SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1967/007147/07
Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor
Magwa Crescent, Waterfall city, MIDRAND, 1686 SOUTH AFRICA


*Trademark of/Handelsmerk van Dow AgroSciences LLC


Batch No. ..... ..... Lot No.

Date of Manufacture ..... .....Datum van Vervaardiging

**UN NO : 3082**

Poisons Helpline: +27(0)861-555-777
Griffon Poison Information Centre: +27(0)82-446-8946
Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)
24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555
Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700

*Aubaine™518 SC/2021-06-22*

## WARNINGS

**Wheat - Allow 56 days between application and harvesting.**

Handle with care.
Do not swallow.
Store away from food, feed, drugs, drinking water, seed and other agricultural chemicals.
Store in a cool, dry place and in original container.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
May cause slight eye irritation.
Very toxic to fish and other aquatic organisms.

**RE-ENTRY INTERVAL:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

***Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.***

## PRECAUTIONS

Do not inhale vapour or spray mist.
Avoid eye and skin contact.
Wear suitable protective clothing, gloves, eye and face protection when handling the concentrate.
Wash contaminated clothing after use.
Wash with soap and water after use.
Do not store near heat or open flame.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.
Avoid drift of spray mist onto other crops, pastures, rivers, dams and areas not under treatment.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
Apply the product strictly in accordance with the application directions.

**SYMPTOMS OF HUMAN OVER EXPOSURE:**
May cause slight eye irritation.

**FIRST AID MEASURES:**
Never give fluids by mouth or induce vomiting if patient is unconscious or is having convulsions.

**Ingestion:**
Contact a physician.
Have a person sip a glass of water if able to swallow.
Do not induce vomiting. The decision of whether to induce vomiting or not should be made by a physician.

**Eye contact:**
Hold eyes open and rinse slowly and gently with water for 15-20 minutes. Remove contact lenses, if present, after the first 5 minutes, then continue rinsing eyes. If effects occur, consult a physician, preferably an ophthalmologist.

**Skin Contact:**
Take off contaminated clothing. Rinse skin immediately with plenty of water for 15-20 minutes. Wash contaminated clothing before re-use.

**Inhalation:**
Immediately remove patient to fresh air.
If the person is not breathing, call an emergency unit then give artificial respiration; if by mouth-to-mouth use a rescuer protection mask.
Contact a poison control center or consult a physician for treatment advice ~~or~~.

**NOTE TO PHYSICIAN:**
There is no specific antidote. Treatment of exposure should be directed at the control of symptoms and the clinical condition of the patient.
Have the safety data sheet (SDS) and if available the product container or label with you when contacting a poison control center or physician.

**RESISTANCE PREVENTION AND MANAGEMENT**

Some naturally occurring weed biotypes resistant to **AUBAINE™ 518 SC** herbicide and other herbicides belonging either to Group $C_2$ or Group L, may exist through normal genetic variability in any weed population. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if herbicides with the same mode of action are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **AUBAINE™ 518 SC** or any other photosynthesis or cellulose inhibiting herbicides.

Since the presence of resistant weeds is difficult to detect prior to herbicide application, it is of the utmost importance that treated areas be inspected often to timeously identify the occurrence of herbicide-resistant weeds. Dow AgroSciences will not accept any liability for performance failure in the event of a build-up of resistant weeds resulting from inadequate management practices as indicated on this label.

## TO DELAY THE SELECTION OF RESISTANT WEEDS

- Integrate tillage, crop rotation or mechanical control methods (including non-selective herbicides) during the fallow period into weed control programs whenever practical.
- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same mode of action group. Plan crop rotations to allow use of herbicides from different mode of action groups.
- Maintain herbicide use records for each field.
- Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative plant material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and planting clean seed.
- When grazing, begin with lands with the least weed resistance before moving to lands with high resistance due to the possibility of animals spreading the seed.
- Inspect all lands annually to identify the development of resistance early.

For further advice on the prevention of herbicide resistance contact your nearest Dow AgroSciences representative.

In the case where the above-mentioned measures are not followed, Dow AgroSciences will not be liable for any damage which may occur if **AUBAINE™ 518 SC** does not control resistant weeds.

## USE RESTRICTIONS AND NOTES OF USE.

Do not apply **AUBAINE™ 518 SC** to wheat undersown with legumes.
Apply the product strictly in accordance with the application directions.
Stop spraying when wind speed exceeds 5 meter/second.
Don't spray under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day (25°C or more).
Do not contaminate any water bodies e.g. dams, rivers, boreholes, etc.
**AUBAINE™ 518 SC** should be applied only **ONCE** per season per field.
Do not use near desirable plants or trees (e.g. windbreaks and ornamental trees alongside roads) or on areas where their roots may extend, or in locations where the chemical may be washed or moved into contact with their roots.
Do not use on soil where susceptible plants are to be grown in the foreseeable future.
Clean application equipment thoroughly after use and ensure that all residues of **AUBAINE™ 518 SC** are removed (see Sprayer clean-up) and dispose of rinse water where it will not contaminate other crops, grazing, rivers and dams.
Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinse water to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner and do not re-use it for any other purpose.

## CROP SAFETY

When **AUBAINE™ 518 SC** is used as directed, it generally shows good crop selectivity.

The following factors will help to minimise the risk of crop injury:

### PRE-PLANT, PRE-EMERGENCE

- Avoid movement of treated soil into adjacent planting rows.
- Do not use press wheels together with harrows or chains to cover seed.
- When a fertiliser spreader or other sowing equipment is used for sowing, ensure good coverage of seed with soil before **AUBAINE™ 518 SC** is applied.
- Do not apply product directly onto the crop seed. Avoid germination of crop seed on the soil surface.

### POST-EMERGENCE

- **DO NOT** apply to wheat after the 3 leaf growth stage.

Crop injury may increase under the following circumstances:

- Where deep furrows are formed during planting.
- Soil movement into the crop row due to wind or heavy rainfall soon after planting.
- Where heavy rainfall between application and crop emergence on soils with a high leaching potential, results in movement of the herbicide into the crop seed zone.

Leaf necrosis, leaf scorch, stunting, yellowing or stand reduction could occur in wheat after the use of **AUBAINE™ 518 SC**. The crop usually outgrows these symptoms and yields should not be affected. Potential crop damage can be increased if the crop is under stress due to severe weather conditions such as cold or freezing temperatures or heavy rain, drought, waterlogging, nutrient deficiency, disease, insect or nematode damage or carry-over herbicide residues.

## MINIMUM RECROPPING INTERVAL AND CROP ROTATION GUIDELINES

The minimum recropping interval includes the time of last application of **AUBAINE™ 518 SC** to the anticipated date of replanting. The intervals specified below will only be valid if favourable soil moisture and temperature conditions prevail to promote more rapid breakdown of **AUBAINE™ 518 SC** by microbial activity. Abnormally dry and/or cold conditions may result in slower degradation.

Careful consideration should be given to crop rotation plans prior to using **AUBAINE™ 518 SC**.

Wheat can be replanted without any restrictions in the season following the application of **AUBAINE™ 518 SC.**

To avoid damage to all other follow crops a replanting period of at least **24 months** must be observed preceded by a test planting. Test strips of the desired follow crop should be planted and monitored during germination and emergence for any abnormal growth to determine if the follow crop can be grown successfully. The land should always be deeply ploughed before a rotational crop is planted.

**WEEDS NORMALLY CONTROLLED:**

**Pre-plant, pre-emergence**

**Grasses**

| | |
|---|---|
| *Lolium* species | Rye grass |

**Broadleaf weeds**

| | |
|---|---|
| *Medicago* species** | Medics |

**Early post-emergence**

**Grasses**

| | |
|---|---|
| *Lolium* species | Rye grass |

**Broadleaf weeds**

| | |
|---|---|
| *Erodium moschatum* | Musk heron's bill |

**Variable control may be expected.

**NOTE:**

**AUBAINE™ 518 SC** controls certain weed species as listed above. Other annual grasses and broadleaf weed species that were not present during the development trials may possibly also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for weeds not listed.

**DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed.**

**SHAKE WELL BEFORE USE. REPLACE CAP AFTER POURING.**

**GENERAL INFORMATION**

**AUBAINE™ 518 SC** has two active ingredients, Isoxaben and Chlorotoluron therefore having two different modes of action – a mixture of a cellulose synthesis inhibitor (Group L) and a photosynthesis inhibitor (Group $C_2$).

**AUBAINE™ 518 SC** is either a residual, soil-applied, pre-plant, pre-emergent herbicide which is absorbed by the roots and shoots of germinating weeds or it can be used as an early post-emergence application to weeds at 2-4 leaf growth stage.

**AUBAINE™ 518 SC** must be mixed with clean water and applied as a uniform broadcast spray by means of ground application.

**AUBAINE™ 518 SC** as a pre-plant, pre-emergence treatment can only be applied if planting is done with an Ausseeder (Ausplow), Voorplanter, Equalizer or a similar knife-point planter with press wheels. Planting speed should be 5-6 km/h to avoid throwing treated soil into adjacent crop rows.

## MIXING INSTRUCTIONS

Fill the spray tank up to half-full with clean water. Start the agitation.
Add the required amount of **AUBAINE™ 518 SC** into the tank through a sieve.
Continue agitation while topping up the spray tank with water until the final volume has been reached.
Ensure thorough agitation of the mixture in the tank continues whilst mixing and spraying.
Tank mixtures must be sprayed out immediately and not be allowed to stand in the spray tank as the effectiveness may be reduced due to product degradation.
Thoroughly re-agitate before re-using if a stoppage of spraying operations should occur for some reason.
Flush tank out thoroughly with water after each day's spraying, (see **SPAYER CLEAN-UP**).

## GROUND APPLICATION

**AUBAINE™ 518 SC** can be applied with any medium or high volume sprayer fitted with a conventional spray boom with flat fan nozzles. Accurately calibrate spray equipment prior to application. The spray boom and nozzles should be set to provide a uniform coverage. Use 200-250 litre of water/ha for overall application to ensure thorough coverage. Use a low spray pressure (2 bar or 200 kPa) to ensure **AUBAINE™ 518 SC** is applied as a coarse droplet spray.

| CROP | RATE/HA | REMARKS |
|---|---|---|
| **WHEAT**<br><br>(Only for use in the winter rainfall region) | **3.0-3.6 L AUBAINE™ 518 SC**<br><br>**Pre-plant, pre-emergence application** | Apply **AUBAINE™ 518 SC** directly to damp, uncultivated soil as a broadcast application prior to planting and incorporate by knife-point planter with press wheels. |
| | **2.8-3.0 L AUBAINE™ 518 SC**<br><br>**Early post-emergence application** | **DO NOT** apply after wheat has reached the 3 leaf growth stage.<br><br>Apply **AUBAINE™ 518 SC** as a broadcast application over the crop when weeds are at 2-4 leaf growth stage. |

**NOTES:**

- Ensure that information listed under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.
- Degree of control obtained and duration of effect depend on weed species, weed size and growing conditions following the period during and after application.
- **AUBAINE™ 518 SC** must be washed into the soil as soon as possible – for optimal pre-plant, pre-emergence control, it is necessary that the application is followed within seven (7) days by 25-40 mm of rain before the weeds emerge.
- Weed control might be reduced in no-till situations with plant remains from the previous crop covering the soil.

## SPRAYER CLEAN-UP

To prevent any damage to subsequent crops, other than wheat, all residues of **AUBAINE™ 518 SC** must be removed from the mixing and spraying equipment. Proceed as follows:

a) The spray tank should be drained immediately after spraying ~~crops~~. Wash any contamination off the outside of the sprayer with clean water.

b) The inside of the spray tank should be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. Drain the tank completely.

c) Half-fill the tank with clean water and add the correct quantity of cleaning agent. Per 100 litre of final tank volume, add 350 ml household ammonia (9.5 % ammonia) to the water, e.g. in the case of a 1 000 litre spray tank, fill with 500 litre water and add 3.5 litre (= 10 x 0.35 L) household ammonia.

   The initial solution now prepared, which is double strength, should be mixed thoroughly by turning on the agitation. This solution is used for flushing the hoses and nozzles for approximately 1 minute.

   The remainder is then filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After 15 minutes have elapsed, flush the boom, hoses and nozzles again and drain the tank completely.

d) Remove the nozzles and filters and allow to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 litre of water.

e) Rinse the tank again with water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom, hoses and nozzles.

f) Dispose of the rinse water in a safe manner. Do not spray onto sensitive crops or land intended for planting with sensitive crops.

<u>Precautions with spray clean-up</u>

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with eyes and skin immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Keep cleaning agents only in original containers.

## STORAGE AND DISPOSAL

Storage conditions

Store away from sun and damp, in original tightly closed containers, in a well-ventilated area apart from food and feed under lock and key. Avoid storage above 35 °C.

Product and container disposal

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food or feed. Perforate and flatten the containers before disposing of them in the prescribed manner.

Destroy empty containers or surplus product in an industrial incinerator approved for agricultural chemicals. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers should be rinsed thoroughly with clean water and pour rinse solution in the spray tank.

**Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)**
**24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555**
**Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700**

© Dow AgroSciences LLC. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

## WAARSKUWINGS

**Koring - Tyd wat moet verstryk tussen die toediening en die oes is 56 dae.**

Hanteer versigtig.
Moet nie insluk nie.
Berg weg van voedsel, voer, saad en ander landbou chemikalieë.
Berg in 'n koel, droë plek.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Mag ligte oog irritasie veroorsaak.
Baie giftig vir visse en ander akwatiese organismes.

**HERBETREDING:** Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

***Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruide teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid*.**

## VOORSORGMAATREËLS

Moet nie walms of spuitnewel inasem nie.
Vermy kontak met oë en vel.
Dra geskikte beskermingsklere, handskoene, oog- en gesigbeskerming wanneer die konsentraat hanteer word.
Was besoedelde klere na gebruik.
Was met seep en water na gebruik.
Moet nie stoor naby hitte of ‘n oop vlam nie.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
Vermy wegdrywing van spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie onder behandel is nie.
Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
Produk moet streng volgens gebruiksaanwysings toegedien word.

**SIMPTOME VAN ERGE MENSLIKE BLOOTSTELLING**
Kan ligte oog irritasie veroorsaak.

**NOODHULPBEHANDELING:**
Indien pasiënt bewusteloos is of stuiptrekkings het, moet geen vloeistowwe per mond gee of braking teweegbring nie

**Inname:**
Kontak ’n geneesheer.
Indien dit moontlik is vir die persoon om te sluk, gee ‘n glas water om te drink.
Moet nie braking teweegbring nie. Die besluit om braking teweeg te bring of nie, moet deur ’n geneesheer geneem word.

**Oogkontak:**
Hou oë oop en spoel stadig en sagkens met water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na aanvanklik 5 minute en spoel vir nog etlike minute. Indien effekte voorkom, moet ’n geneesheer geraadpleeg word, verkieslik ’n oogarts.

**Velkontak:**
Verwyder besoedelde klere. Spoel vel dadelik met seep en baie water vir 15-20 minute. Was besoedelde klere voor herverbruik.

**Inaseming:**
Verwyder pasiënt dadelik na vars lug.
Indien die persoon nie asemhaal nie, ontbied ‘n noodeenheid en gee kunsmatige asemhaling; indien mond-tot-mond, gebruik ‘n reddingsbeskermmasker. Kontak ‘n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies.

**NOTA AAN GENEESHEER:**
Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandeling van blootstelling moet simptomaties wees na aanleiding van die kliniese toestand van die pasiënt.
Hou die veiligheidsdatablad (SDS) en indien beskikbaar, die produkhouer of -etiket byderhand wanneer die gifbeheersentrum of geneesheer gekontak word.

**WEERSTANDSVOORKOMING EN -BESTUUR**

Weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, mag sommige onkruid-biotipes, wat in die natuur voorkom, weerstandbiedendheid toon teen **AUBAINE™ 518 SC** of ander onkruiddoders wat tot Groep $C_2$ of Groep L behoort Indien onkruiddoders met dieselfde werkingswyse herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal nie deur **AUBAINE™ 518 SC** of enige ander sellulose of fotosintese inhibeerders beheer word nie.

Aangesien die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruide moeilik is om te bepaal voor onkruiddodertoediening, is dit van uiterste belang dat behandelde gebiede met gereelde intervalle ondersoek word om die voorkoms van onkruiddoder weerstand vroegtydig te identifiseer. Dow AgroSciences sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die onkruid-populasie as gevolg van onvoldoende bestuurspraktyke soos aangedui op hierdie etiket nie.

**BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE TE VERMINDER**

- ❖ Implementeer bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheer-stelsels (insluitende die gebruik van nie-selektiewe onkruiddoders) waar prakties moontlik.
- ❖ Vermy die herhaalde gebruik van onkruiddoders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruiddoders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- ❖ Hou rekord van onkruiddodergebruik van elke land.
- ❖ Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe plantmateriaal na ander lande deur gereelde skoonmaak van stropers en ploeë en plant van onkruidvrye saad.
- ❖ Met beweiding, begin by lande met die minste onkruidweerstand voor beweging na lande met hoë weerstand om verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- ❖ Ondersoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig uit te ken.

Kontak u naaste Dow AgroSciences verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruiddoder weerstandbiedendheid.

Indien bostaande maatreëls nie nougeset nagekom word nie, kan Dow AgroSciences geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige verlies wat mag ontstaan indien **AUBAINE™ 518 SC** nie weerstandbiedende onkruide beheer nie.

**GEBRUIKSBEPERKINGS EN NOTAS VAN GEBRUIK.**

Moet nie **AUBAINE™ 518 SC** toedien op koring ondergesaai met peulgewasse nie.
Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
Staak toediening as windspoed 5 meter/sekonde oorskry.
Moet nie spuit onder onstuimige, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag nie (25°C of meer).
Moet nie enige waterbronne besoedel nie bv. damme, riviere, boorgate,ens.
**AUBAINE™ 518 SC** mag slegs **EEN** keer per seisoen per land toegedien word.
Moet nie gebruik naby gewensde plante of bome (bv. windbreke of sierbome langs padweë) nie of op areas waar die wortels kan verleng of in areas waar die chemikalieë ingewas kan word of waar dit in kontak kan kom met die wortels nie.
Moet nie gebruik op grond waar sensitiewe plante in die voorsienbare toekoms geplant gaan word nie.
Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en maak seker dat alle residue van **AUBAINE™ 518 SC** verwyder is (sien Skoonmaak van spuit). Spuit alle spoelwater weg waar dit nie ander gewasse, weivelde, riviere of damme sal besoedel nie.
Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.



---Internal Use---

## GEWASVEILIGHEID

Wanneer **AUBAINE™ 518 SC** gebruik word soos voorgeskryf, toon dit oor die algemeen goeie gewasselektiwiteit.

Die volgende faktore sal help om die risiko van gewasskade te verminder:

### VOOR-PLANT, VOOR-OPKOMS

- Vermy beweging van behandelde grond na aangrensende plantrye.
- Moet nie drukwiele in kombinasie saam met êe of kettings gebruik om saad te bedek nie.
- Wanneer ′n kunsmisstrooier of ander saaitoerusting gebruik word om te saai, verseker dat die saad goed met grond bedek is, voordat **AUBAINE™ 518 SC** toegedien word.
- Moet nie produk direk op gewassaad toedien nie. Verhoed dat die gewassaad ontkiem op die grondoppervlakte.

### NA-OPKOMS

- **MOET NIE** toedien op koring na die 3 blaar groeistadium nie.

Gewasskade kan toeneem onder die volgende omstandighede:

- Waar diep plantvore tydens die plant van die gewas gevorm word.
- Grondbeweging in die gewasry as gevolg van wind of swaar reën, kort na plant.
- Waar swaar reënval tussen plant en opkoms van die gewas op gronde met ′n hoë logingspotensiaal, veroorsaak dat die onkruiddoder in die gewassaadsone inbeweeg.

Blaarnekrose, blaarskroei, vertraagde groei, vergeling of stand vermindering kan voorkom in koring na die gebruik van **AUBAINE™ 518 SC**. Die gewas ontgroei gewoonlik hierdie simptome en opbrengs behoort nie beïnvloed te word nie. Potensiaal vir gewasskade kan verhoog indien die gewas onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weerstoestande soos koue of ysige temperature of swaar reëns, droogte, versuiping, nutriënt tekort, siekte, insek-of aalwurmskade of onkruiddoderoordraging.

## MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagperiode dui op die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **AUBAINE™ 518 SC** tot die verwagte tyd van aanplanting van 'n opvolggewas. Die intervalle hieronder gespesifiseer, sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat spoedige afbraak van **AUBAINE™ 518 SC** deur mikrobiese aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag vertraagde afbraak tot gevolg hê.

Deeglike oorweging moet gegee word aan wisselboubeplanning alvorens **AUBAINE™ 518 SC** gebruik word.

Koring kan sonder enige beperking die daaropvolgende seisoen, na die toediening van **AUBAINE™ 518 SC**, geplant word.

Om skade aan alle ander opvolggewasse te vermy, word ‘n wagperiode van ten minste **24 maande** aanbeveel, voorafgegaan deur ‘n toetsplanting. Toetsstroke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant word en tydens ontkieming en opkoms gekontroleer word vir enige abnormale groei om te bepaal of die opvolggewas suskesvol verbou kan word. Die land moet altyd diep geploeg word voordat ’n opvolggewas geplant word.

**ONKRUIDE NORMAALWEG BEHEER:**

**Voor-plant, voor-opkoms**

**Grasse**

| | |
|---|---|
| *Lolium* spesies | Raaigras |

**Breëblaaronkruide**

| | |
|---|---|
| *Medicago* spesies** | Klawers |

**Vroeg na-opkoms**

**Grasse**

| | |
|---|---|
| *Lolium* spesies | Raaigras |

**Breëblaaronkruide**

| | |
|---|---|
| *Erodium moschatum* | Turknael |

**Wisselvallige beheer kan verwag word.

**NOTA:**

**AUBAINE™ 518 SC** beheer sekere onkruidspesies soos gelys hierbo. Ander eenjarige grasse en breëblaaronkruide wat nie tydens die ontwikkelingsproewe voorgekom het nie, kan ook moontlik tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui**

**SKUD GOED VOOR GEBRUIK. PLAAS PROP TERUG NA GEBRUIK.**

**ALGEMENE INLIGTING**

**AUBAINE™ 518 SC** het twee aktiewe bestanddele, Isoksaben en Chlorotoluron, dus 'n dubbele metode van werking – 'n samestelling van 'n sellulose inhibeerder (Groep L) en 'n fotosintese inhibeerder (Groep $C_2$).

**AUBAINE™ 518 SC** is òf 'n residuele, grondtoegediende, voor-plant, voor-opkomsonkruiddoder wat deur die wortels en lote van ontkiemende onkruide opgeneem word òf kan gebruik word as 'n vroeg na-opkoms toediening vir onkruide op 2-4 blaar groeistadium.

**AUBAINE™ 518 SC** moet met skoon water gemeng word en as 'n eenvormige, breedwerpige grondbespuiting toegedien word.

**AUBAINE™ 518 SC** as 'n voor-plant, voor-opkoms behandeling kan slegs toegedien word indien 'n Ausseeder (Ausplow), Voorplanter, Equalizer of soortgelyke mespunt-planter met drukwiele gebruik word. Die trekkerspoed tydens plant moet tussen 5-6 km/h wees om te verhoed dat behandelde grond in aangrensende planterrye oorgegooi word.

## MENGINSTRUKSIES

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Begin roering.
Voeg die nodige hoeveelheid **AUBAINE™ 518 SC** tot die tenk deur ‘n sif.
Hou in roering terwyl die tenk verder met water tot die verlangde volume gevul word.
Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend en deeglik in roering gehou word.
Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie aangesien die effektiwiteit mag verminder weens produkafbraak.
Roer deeglik voor hergebruik as daar 'n onderbreking was tydens die toedieningsproses vir watter rede ookal.
Spoel die tenk deeglik uit met water na daaglikse gebruik (sien **SKOONMAAK VAN SPUIT**).

## GRONDTOEDIENING

**AUBAINE™ 518 SC** kan toegedien word met enige medium- of hoëvolume spuittoerusting wat toegerus is met ‘n konvensionele spuitbalk met platwaaierspuitpunte. Kalibreer die spuittoerusting akkuraat voor toediening. Die spuitbalk en spuitpunte moet gestel wees om eenvormige dekking te besorg. Gebruik 200-250 liter water/ha vir ‘n algehele toediening om deeglike bedekking te verseker. Gebruik ‘n lae sproeidruk (2 bar of 200 kPa) om te verseker dat **AUBAINE™ 518 SC** as ‘n growwe druppelgrootte toegedien word.

| GEWAS | DOSIS/HA | AANMERKINGS |
|---|---|---|
| **KORING**<br><br>(Slegs vir gebruik in die winter reënval-gebied) | **3.0-3.6 L AUBAINE™ 518 SC**<br><br>**Voor-plant, voor-opkoms toediening** | Dien **AUBAINE™ 518 SC** direk toe op klam, onbewerkte grond as ‘n breedwerpige bespuiting voor plant en werk in deur die gebruik van ‘n mespunt-planter met drukwiele. |
| | **2.8-3.0 L AUBAINE™ 518 SC**<br><br>**Vroeg na-opkoms toediening** | **MOET NIE** toedien op koring na die 3 blaar groeistadium nie.<br><br>Dien **AUBAINE™ 518 SC** toe as ‘n breedwerpige bespuiting oor die gewas wanneer die onkruide op 2-4 blaar groeistadium is. |
| **NOTAS:**<br>– Verseker dat inligting onder “GEBRUIKSAANWYSINGS” gevolg word.<br>– Graad van beheer verkry en die duurte van die effek hang af van die onkruidspesies, onkruidgrootte en groeitoestande gedurende en na die toediening.<br>– **AUBAINE™ 518 SC** moet so gou as moontlik in die grond ingewas word – Vir optimale voor-plant, voor-opkoms beheer, moet die toediening binne sewe (7) dae opgevolg word met 25-40 mm reën voordat die onkruide ontkiem.<br>– Verswakte onkruidbeheer mag voorkom met geen grondbewerking situasies waar plantreste van die vorige gewas die grond bedek. | | |



---Internal Use---

## SKOONMAAK VAN SPUIT

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as koring te vermy, moet alle residue van **AUBAINE™ 518 SC** direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word. Gaan soos volg te werk:

a) Dreineer die spuitsisteem onmiddellik na bespuiting. Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.

b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5 % ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3.5 liter (= 10 x 0.35 L) huishoudelike ammoniak by).

   Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbel-sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 1 minuut gespoel word.

   Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel vir 15 minute in die tenk staan terwyl dit in roering gehou word. Na die verloop van 15 minute, spuit weer deur die spuitbalk, pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

d) Verwyder spuitpunte en filters en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.

e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die spuitbalk, pype en spuitpunte.

f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie spuit op sensitiewe gewasse of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse nie.

<u>Voorsorgmaatreëls met skoonmaak van spuit</u>

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- In geval van kontak met oë en vel, spoel onmiddellik met genoegsame water en verkry mediese raad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.



---Internal Use---

**BERGING EN VERNIETIGING**

Bergingstoestande

Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorsponklike houers wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde area, weg van voedsel en voer agter slot en grendel. Vermy berging bo 35 °C.

Produk -en houervernietiging

Moet nie leë houers hergebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van water, voedsel en voer nie. Perforeer en druk die houers plat voordat dit op die voorgeskrewe wyse weggedoen word.

Vernietig leë houers of oorskotproduk in 'n industriële verbrandingsoond wat vir landbouchemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe in of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet deeglik met skoon water uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

**Plaaslike Noodnomer: +27(0)82-895-0621 (SA alleenlik)**
**24 Uur noodnommer: Tel No: +32-3-575-5555**
**Inligtingsnoodnommer: Tel No: +27(0)12) 683-5700**

© Dow AgroSciences LLC. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.